**Die tabernakel versus die ontmoetingstent**

**Eks 32:1-33:23**

**21 Julie 2024**

1. Vantevore: Die tabernakel is simboliese uitbeelding van die Here se verlossingsproses. Die tuin van Eden het verskil van die tabernakel omdat dit nie 'n voorhof of verbondsark gehad het nie – Adam en Eva was nog sonder sonde en in werksverbond met die Here.
2. Indeling van Eksodus: Eks 25-31 – Voorskrifte vir tabernakel, Eks 32-34 – goue kalf gebeure, Eks 35-40 – bou van die tabernakel
3. Konteks van goue kalf gebeure: Pas na gee van die wet, sluit van Sinaiverbond, 3-malige onderneming tot gehoorsaamheid, terwyl heerlikheid van die Here op berg sigbaar was
4. Die sonde van die volk (Eks 32:1-6)
    a. "Maak vir ons gode" (v1); "Dis jou gode wat jou uit Egipte laat optrek het" (v4)
    b. Oortree 1ste, 2de, 3de gebooie, 1ste bepaling in boekrol van die verbond (Eks 20:23)
5. Die optrede van Moses (Eks 32:7-33:23)
    a. Moses tree vir die volk in terwyl hy nog op die berg is (Eks 32:7-14)
        - Die Here oordeel die volk is hardnekkig, moet hulle vernietig
        - Moses herinner die Here aan Sy verbondsbeloftes – die Here stem in
    b. Moses vernietig die kliptafels en die goue kalf (Eks 32:15-25)
        - Nou het die volk niks
    c. Moses voltrek die Here se oordeel (Eks 32:26-29)
        - "Wie vir die Here is, kom hier na my toe" (v26) – Leviete dood 3000
    d. Moses tree weer vir die volk in (Eks 32:30-33:6)
        - Moses pleit vir óf vergifnis, óf die Here moet Moses uitwis
        - Die Here stel oordeel uit, laat toe dat die volk trek, maar trek nie saam nie
    e. Moses rig 'n ontmoetingstent op (Eks 33:7-11)
        - Ver buite die kamp – as iemand na die tent gaan, daal die Here neer en praat met Moses
    f. Moses tree weer vir die volk in (Eks 33:12-17)
        - Moses wil weet wie gaan wel saam met hulle trek
        - Die Here willig in om saam te trek
    g. Moses versoek om die Here se heerlikheid te sien (Eks 18:23)
6. Die ontknoping van die gebeure (Eks 34:1-35)
    a. Die Here toon Sy heerlikheid aan Moses, hernu die Sinaiverbond, gee nuwe kliptafels, volk bou die tabernakel (Eks 35 ev)
7. Die betekenis van die gebeure
    a. Hou verband met die betekenis van die tabernakel
    b. Skaakmat: die Here is heilig, volk is onheilig, die Here moet verbondsbeloftes nakom
    c. Moses se bemiddeling: herinner die Here aan Sy verbond – keer vernietiging, wys vir die volk hulle onheiligheid, pleit by die Here vir vergifnis – stel oordeel uit, sal engel saamstuur, rig ontmoetingstent op – die Here kom af as die volk uitkom, die Here sal saamtrek
    d. Ontmoetingstent buite die kamp word vervang met tabernakel in middel van kamp – heiligheid van die Here word beskerm deur volk wat deur voorhof, Heilige vorder na Allerheiligste – dan is hulle heilig
    e. Die tabernakel, en wat dit simboliseer, is essensieel vir die heilige Here om onder die volk te woon en trek